*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (30/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 26 Julie 2024*

***"It is not who is right, but what is right, that is important" Thomas Huxley***

## VERDERE AFWAARTSE AANPASSING VAN LEMOEN-UITVOERSYFERS NÁ SLEGTE WEER

Die Lemoen Fokusgroep van die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) het op 23 Julie vergader om die uitvoerskattings van lemoene vir die 2024-seisoen te hersien. 'n Verdere afwaartse aanpassing is aan die jongste geskatte uitvoersyfers vir nawels gemaak, terwyl Valencias sy grootste afwaartse aanpassing aan die skatting vir die seisoen gekry het, meestal gedryf deur uiterste weersomstandighede wat onlangs in sleutel produksiestreke aangemeld is.

Die geskatte aantal 15 kg kartonne nawels wat na verwagting uitgevoer gaan word, is nou 21 miljoen, wat die afwaartse trajek voortsit wat in Mei begin is toe die seisoen se openingskatting van 25,7 miljoen tot 22 miljoen verminder is. Hierdie jongste oorsig bring die totale vermindering vir die seisoen op 'n aansienlike 19% te staan. Tans word lááte nawels gepak en verskeep namate die nawelseisoen tot 'n einde kom.

Vir Valencias is sleutel produksiestreke in Limpopo en Mpumalanga goed op dreef met hul seisoen, terwyl produsente in die Oos- en Wes-Kaap eers in die komende weke hul eerste Valencia-volumes ernstig sal begin pak. Die jongste geskatte volume van 15 kg kartonne Valencias wat na verwagting deur Suider-Afrika se produsente uitgevoer sal word, is nou 51,6 miljoen, laer as Mei se voorspelling van 56 miljoen, en April se seisoen-openingskatting van 58 miljoen. Dit is 'n vermindering van 11% vanaf die eerste skatting. Die grootste afwaartse aanpassings wat in die jongste oorsig weerspieël word, kom uit Letsitele, Hoedspruit en die Senwes (Marble Hall en Groblersdal) gebiede, waar die seisoen se produksie neigings reeds sigbaar is. Marble Hall en Groblersdal is ook swaar deur onlangse rypskade getref, wat produksievoorspellings verder verlaag het.

"Inclement weather over the past two weeks has meant further reduction in predicted volumes," het Stiaan Engelbrecht, voorsitter van die Lemoen Fokusgroep gesê.

"The freezing cold in the Senwes region has meant that the Navel estimate in that region has been reduced by 600 000 cartons and the Valencia volumes by one million cartons. The Western Cape (Citrusdal) has been impacted by recent flooding and storms, while the Eastern Cape has been impacted by high winds," het Engelbrecht voortgegaan. Storms en winde veroorsaak dat vrugte van bome val, terwyl rypskade ook produksie beïnvloed.

"It is now clear that there will not be an oversupply of oranges this season. We are looking at a balanced market," het Jan-Louis Pretorius, Ondervoorsitter van die CGA en 'n sitrusprodusent in Limpopo gesê.

"These adjusted figures tell the story of a unique season. Firstly, drier and warmer conditions caused fruit sizes to be somewhat smaller. Secondly, a very good local juicing price enticed growers to move more oranges to processing. Thirdly, the bad weather of the past two and a half weeks caused challenges. The last time the industry was looking at similar orange figures was during the 2017 season, especially remembered for the Western Cape drought," het Pretorius verduidelik.

Verlede jaar het Suid-Afrika 24,8 miljoen 15 kg kartonne nawels en 52,1 miljoen 15 kg kartonne Valencias vir uitvoer na buitelandse markte gepak.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 29<br>Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision 260* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 15.6 m | 12.4 m | 12.9 m | 11.6 m | 11.7 m | 16.8 m | 14.9 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 21.5 m | 25.5 m | 25 m | 20.6 m | 18.9 m | 43 m | 42.7 m | 38 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 30.4 m | 32.2 m | 29.5 m | 29.1 m | 25.4 m | 37.9 m | 35.1 m | 35.6 m | 39 m |
| Nawels | 21.4 m | 19.2 m | 16.7 m | 15.1 m | 12.9 m | 25.7 m | **21 m** | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 12.4 m | 14.5 m | 12.7 m | 10.1 m | 7.4 m | 58.3 m | **51.6 m** | 52 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **101.3 m** | **103.8 m** | **96.8 m** | **86.5 m** | **76.3 m** | **181.7m** | **165.3 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***